Die Voortrekkers : Kaapland

Gebiedsplan 2018

Voorwoord

Die jaar 2018 is die eerste volle jaar vir al die nuwe besture. Ek vertrou dat almal al goed ingeburger is met al die nuwe verantwoordelikhede en dat daar uitgesien word om regtig hierdie jaar ‘n verskil te maak in Kaaplandse Voortrekkers. Vir almal wat in nuwe bestuursposte is, is hierdie volledige dokument ‘n baie akurate weergawe van hoe dinge in Kaaplandse Voortrekkers gedoen word. Dit sluit in datums, name, nommers ens. Dit bly natuurlik elke jaar ‘n dinamiese dokument en ek nooi jou graag uit om insette te lewer.

In Kaapland poog ons daarin om kwaliteit aktiwiteite aan te bied oor 3 staatkundige provinsies. Ons fokus oor hierdie termyn is die volwassenes en ek sal deur die loop van die jaar meer daarop uitbrei.

Gebruik asb hierdie dokument deurentyd sodat sukses in Kaapland behaal kan word. Sterkte met al die aktiwiteite.

Sterkte en Hou Koers deur 2018.

Voortrekkergroete,

Anton Erwee
Gebiedsleier